DR. G. BRILLENBURG WURTH, *Christelijke Zielszorg in het Licht der Moderne*

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online

*Practische Zielszorg* wat in 1939 verskyn het. Die pas verskene werk is egter 'n heeltemal nuwe werk omdat dit weereens ontwerp is en die nuwere ontwikkeling van die psigologie daarin verwerk is.

Die werk bestaan uit vier dele:

1. *'n Historiese deel*, waar die skrywer voor die tyd van Christus begin (antieke heidendom en Jode) en na die Kerkhervorming ophou. Baie kortliks word die kenmerkende van sielsorg in die verskillende periodes en omstandighede aangedui. Veral word die klem gelê op Jesus as Sielsorger.

2. *'n Oriënterende deel*, waarin die skrywer 'n kort skets van die ontwikkeling van die moderne psigologie en psigatherapie gee en dan verder 'n sestal hoofprobleme uit hierdie gebied behandel. Dit gee 'n mens 'n goeie indruk van die ontwikkeling maar is te kort om werklik van waarde vir die sielsorger te wees. Merkwaardig is dat die skrywer hier Victor Frankl, wat die jongste en vir die godsdienspsigologie en sielsorg die belangrikste ontwikkeling in die lyn Freud-Adler-Jung is, nie noem nie.

3. *'n Prinsipiële deel*, waar die sielsorg se plek in die teologie en die kerk se werksaamheid, die subjek en objek van die sielsorg, die kontak, gesprek en gebed in die sielsorg en eindelik die verhouding van psigotherapie en sielsorg bespreek word.

4. *'n Praktiese deel*, wat sielsorg in baie verskillende situasies (bv.. twyfel, siekte, sterwe, sonde ens.) bespreek. Hierdie deel beslaan amper die helfte van die boek. Hier toon die skrywer hoe van die moderne sielkunde dikwels goeie gebruik gemaak kan word.

Dr. Brillenburgh Wurth is 'n vragbare en bekende skrywer met 'n baie goeie reputasie. Dit vind ons ook weer in hierdie boek. Sy bedoeling is om prakties te wees; hy gaan daarom nie soveel in op teoretiese en wetenskaplike probleme nie, maar bepaal hom by wat nie alleen die predikant nie maar ook elke kerkraadslid en elke gemeentelid nodig mag kry in hulle

gemeentewerk. Om in so 'n doel volkome te slaag, lê in geen skrywer se mag nie, omdat die praktyk te geweldig ryk aan moontlikhede is. Die skrywer slaag egter daarin om 'n besonder goeie rigsnoer en hulpmiddel te verskaf. Met die oog op hierdie praktiese doel skrywe hy ook in 'n styl en terminologie wat deur elke gemiddelde leser verstaan kan word.

Hoewel die situasie in Suid-Afrika in baie opsigte verskil van die situasie in Europa, wil ons tog hierdie werk baie sterk aanbeveel by ons predikante en kerkraadslede. Iedereen kan met vrug daarvan gebruik maak.

P. S. DREYER.